# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Die HERE vind vreugde in opregtheid

**Skriflesing:**
1 Kronieke 29:1-25
**Teksvers:**
1 Kronieke 29:17, 22

**Sing:**
Ps 33:1, 2
Ps 4:3, 4
Ps 18:1, 12
Ps 84:2, 5, 6
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis

**Prediker**: Ds Lourens Venter

"Ek weet, my God, dat U harte toets en vreugde vind in opregtheid" Hierdie woorde sny deur die hart van die mens. Ons wat so geneig is om voor te gee wat ons nie is nie. Ons wil tog so graag "oorspronklik" wees. Maar in ons strewe na opregtheid leef ons met valse harte. Ons dra maskers wat nie ten doel het om die kieme weg te hou nie.

Ons staan vanoggend stil by die vreugde van die HERE in die opregtheid van die harte van sy kinders, as hulle Hom dien met al die skatte wat Hy self gee. Daarin sien ons ook die blydskap om te gee. Dit maak 'n mens blyer om te gee, as om te ontvang. Amen

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Maranata! Laat u Koninkryk Kom!

**Skriflesing:**
Openbaring 22
I Korintiërs 16:22

**Teksvers:**
Openbaring 22:20

**HK** Sondag 48

**Sing:**
Ps 24:1,4,5
Ps 118: 12,13
Onse Vader
Sb 15-7:1,4,5
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

*"Laat die genade kom en laat hierdie wêreld verbygaan! Amen.*
*Hosanna vir die Seun van Dawid!*
*As iemand heilig is, laat hy kom!*
*En as iemand onheilig is, laat hy hom bekeer!*
*Maranata! (I Kor 16:22) Amen"*

Dié woorde kom uit die eerste eeu n.C. uit die geskrif DIDACHé as aantekening by ons teksvers Op 22:20. Byna 2000 jaar later het die Here nog nie hierdie gebed verhoor nie… wel nog nie volledig nie. Die koninkryk se koms het immers 'n *'reeds en 'n nog-nie'*-perspektief, want die koninkryk is hier én aan die kom, en dàarvoor leer die Here Jesus ons bid in die tweede bede. Die koms van die koninkryk geskied op verskeie wyses en ons kyk daarna onder die volgende punte:

- Die (weder)koms van Christus.
- Die koms in mense-harte.
- Die koms deur mense-hande.
- Die koms deur ons mense-stryd.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 02 31 Januarie 2021**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# Ek en my Huis, ons sal die Here dien

## My gesin en die verbond in die 21 ste eeu

Die geykte woorde van Josua aan die volk op die vooraand van sy vertrek na die ewige Kanaan, is diep gesetel in die verbond. Dit is ook vir ons 'n herinnering van ons eie verbondsaandeel deur die doop en belydenis van dieselfde belofte.

Ons het die afgelope jaar, en vir die voorsiene toekoms 'n andersoortige geleentheid in die wyse waarop ons gesinslewe funksioneer met kinders wat tuis bly en ouers wat van die huis af werk.

Hierdie andersoortige noodsaaklikheid het besondere geleenthede tot gevolg, wat in die "normale" gejaagde lewe nie altyd moontlik was nie. Dit het egter ook ons gesinsbestaan met nuwe uitdagings gekonfronteer.

In die Bybelskool van die eerste kwartaal gaan ons in besonder ons aandag fokus op wat die Bybel ons leer oor huisgesin, huwelik, ouerskap en al die uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Ons gaan so bietjie kyk na die moderne vorm van geslagsidentiteit en die "woke" en "cancel culture" wat al hoe meer 'n realiteit word. En ons sal by die gewone "hoof-pyne" stilstaan waarmee ons as gesinne daagliks te doen kry.

Die bedoeling is nie om 'n huwelikskursus te wees of 'n gesinsberading of terapie nie, maar eerder 'n doodgewone benadering van elke dag se gesinslewe oor die dinge wat ons soms vergeet.

As die Here wil, sal ons **Dinsdag, 16 Februarie** afskop met die inleiding. Om die toegang te vergemaklik sal dit ook beskikbaar wees per internet uitsending. Ons wil graag kontak opbou met almal wat die geleentheid wil saam bywoon. Stuur asseblief 'n boodskap aan ds Lourens by 082 5292 330 vir verdere inligting.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Die Here sorg!

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Di, Do en Vry** 09:00 - 11:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Van die Kerkraadstafel

Die bedieningskommissie het vergader om die huidige situasie te bespreek en die volgende besluite is geneem:

1. Daar word met afwagting uitgesien na die President se toespraak voor of naby die 15de Februarie vir moontlike verslapping van die regulasies. Tot en met dan sal die eredienste voortgaan soos dit tans gebeur naamlik 9:00 en 18:00 uitsendings, onder ouderling toesig.

2. Die katkisasie begin die 14de Februarie. Seniorklasse sowel as die laerskoolklasse. Die kommissie sal die nodige kommunikasie rondom die praktiese reëlings met ouers bevestig nader aan die tyd. Geen formele katkisasie opening sal plaasvind nie.

3. Vergaderings soos op die kerk kalender sal deur voorsitters gereël word indien dit op 'n praktiese wyse binne die beperkinge gehou kan word.

4. Die Bybelskool sal 'n aanvang neem soos geskeduleer.

5. Nagmaal is nog steeds uitgestel tot verdere kennisgewing.

6. Huisbesoek vind plaas waar lidmate wel kans sien om ouderlinge te ontvang.

7. Indien U enige behoefte het om u ouderling te sien, diakonale hulp verlang of besoek van die predikante benodig moet asb nie huiwer om u ouderling te kontak nie.

8. Onthou asb die protokol om afstand te handhaaf, u maskers te dra en gereeld te ontsmet geld vir alle formele kerklike-aktiwiteite.

Ons glo die Here sal spoedig ons toelaat om weer saam as gemeente te verkeer om hom te loof en prys. Intussen bly gefokus op Christus Jesus en onthou die woorde van Romeine 8:37 *".... ons is meer as oorwinnaars....".*

Groete in Christus

Jan Nel - Voorsitter Bedieningskommissie



# Laerskoolkinders

Koning Dawid se pa se naam was

______________________

Koning Dawid se seun se naam was

______________________

Daar was baie duur en waardevolle materiale gebruik om die tempel te bou en te versier.  Skommel die volgende letters reg om uit te vind wat dit was.

oudg ________

liserw ________

okrep ________

syret ________

nikos ________

rammer ________



## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

- Johan Pretorius ondergaan komende week 'n angiogram (A6—082 444 3740).
- Jaap Hoogendoorn gaan Maandag 'n prosedure ondergaan (B16—664 6385).
- Magriet Roos ondergaan behandeling (C11—664 1705).
- Fanie de Bruin sterk tuis aan na 'n val (A2—082 780 8759).

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Kerkraadsvergadering*

***Die Kerkraadsvergadering van 4 Feb 2021 is uitgestel tot verdere kennisgewing.***

## *Katkisasie*

**Alle ouers van katkisante:**

Katkisasieboeke kan afgehaal word by die kerkgebou op

**Saterdag, 6 Februarie 2021**

tussen 09:00 en 11:00

**KOLLEKTES**

Gebruik asb die  Zapper vir die volgende kollektes:

__Vandag:__ Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerklike tydskrifte

__**Volgende week:**__ Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure:  Teol studentekas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@ gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

## 2020 BYBELVERTALING

Slegs hardeband Bybels beskikbaar: R135

Die 2020 Bybelvertaling is beskikbaar by die kerkkantoor. U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling saambring om u Bybel te ontvang.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Bybels Di, Do en Vry tussen 09:00 en 11:00.

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Biblos + Jou Naam**

## BYBELS BESKIKBAAR

Bybels in al die amptelike tale (Afr Bybel prys soos bo) is tans beskikbaar by die kerkkantoor: R110 (hardeband) R60 (sagteband). Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.

U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling saambring om u Bybel te ontvang. Gebruik bg bankbesonderhede.

Bybels in Frans (DRK), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe) en Portugees (Mosambiek) is op aanvraag beskikbaar (pryse verskil van bg).





# VERJAARSDAE

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Jan | Martelie | Burger | B17 | 27737223587 |
| | Liana | Kruger | C10 | 27724374196 |
| | Jan | Nel | C12 | 27823795935 |
| | Mieneke | Trichard | A03 | 6621964 |
| | Mieke | vd Heever | C02 | 27817938279 |
| | Kosie | Venter | A02 | 27825712108 |
| 01-Feb | Chané | Beumer | A09 | 27834418095 |
| 02-Feb | Pieter | vd Merwe | C10 | 27782444719 |
| | Andries | Venter | A11 | 27761224280 |
| | Brenda | Venter | A02 | 27842004700 |
| 03-Feb | Danie | Erasmus | B05 | 27825772862 |
| | Pieter | van Rooy | A01 | 27825592762 |
| | Gerrit | van Zyl | C13 | 27833040338 |
| 04-Feb | Louise | Hefer | A07 | 27824650498 |
| | Paul | Hugo | B15 | 27824621902 |
| | Deon | Pohl | A10 | 27824502720 |
| | Heleen | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| | Marcel | Wilson | E01 | 27829030552 |
| 05-Feb | Heinrich | Buys | B09 | 27746813660 |
| | Mandie | Cloete | A08 | 27825625296 |
| | Gert | Janzen | A07 | 27610617640 |
| 06-Feb | Gert | de Beer | C07 | 27832527755 |
| | Jaco | vd Bergh | A11 | 27842084413 |
| | Lourens | Venter | A04 | 27825292330 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Jan | Kara | Holtzhausen | C05 | 27834128969 |
| | Matthys | Louw | C10 | 27796910128 |
| 01-Feb | Chanel | Snyman | B10 | 27782911999 |
| 02-Feb | Paul | Kotze | A16 | 27837300933 |
| | Deodat | le Roux | B04 | 27731813046 |
| 03-Feb | Miane | de Jager | B17 | 27829240529 |
| 05-Feb | Miané | Bloemhof | A07 | 27763826939 |
| 06-Feb | Bernhard | de Beer | B03 | 27845479575 |
| | Sofie | vd Berg | A05 | 27826402571 |

## Kerkkantoor-ure

Die kerkkantoor word beman op: Dinsdae, Donderdae en Vrydae tussen 09:00 en 11:00.

Indien u die kantoor dringend benodig vir administratiewe doeleindes, buiten die bg dae/tye, skakel Ellouis (Ma-Vry tussen 09:00-14:00) by:

**060 696 7373**

## JEUGHUIS Makeover

Die tieners wi die Jeughuis met 'n nuwe baadjie klee.

As jy dalk helderkleurige verf het wat rondstaan, of dalk van ou banke of koffiemasjiene wil ontslae raak, laat weet ons asseblief!

Wian Olivier 081 556 3044 Voorsitter

Zak Nel 082 654 8060 Onder voorsitter

Louisa van Zyl 078 103 3596 Penningmeester

Hanneke Kruger 082 493 2413 Sekretaresse

## Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Almanak Di, Do en Vry tussen 09:00 en 11:00.

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**